

EERSTERANGSE GENADE

deur Stephan Joubert (E-Kerk)

Doer in die jaar 1077 het keiser Hendrik IV dit gewaag om pous Gregorius VII se gesag uit te daag. Hy het egter die stryd verloor. Toe moes hy in Rome persoonlik gaan askies sê. Daar aangekom, het die pous hom 'n volle drie dae lank kaalvoet in die wintersneeu laat staan - net sodat die keiser darem sy stukkie genade kon verdien. Gelukkig is God nie so ongenadig soos sekeres van ons nie. **God laat ons nooit ons eie genade verdien nie. Hy gee sy goedheid somer verniet én vooruit weg.** Die Here laat ons nie eers vir 'n hele lewe lank in die koue rondstaan om darem te voel hoe nodig ons Hom het voordat Hy ons genadig is nie.

Daardie sneeustaan-ding het Jesus al lankal namens ons almal by Golgota gedoen. Christus het die ergste winterkoue reeds om ons ontwil aan die kruis deurstaan. Al ons gebreke, foute en oortredings het Hy daar namens ons op sy skouers getel. Nou hoef ons dit nie meer self te dra nie. **Daarom is hemelse genade nou verniet. God gee dit dadelik gratis weg aan elke genadebedelaar wat op sy hemelse voorstoep opdaag.** Hy maak die deure van die hemelse feessaal net daar oop vir elkeen wat verkleum van die koue. Hy trek vir hulle feesklere aan wat spierwit gewas is in die bloed van die Lam, soos wat Openbaring 7 vertel.

Weet jy van genade? Ken jy daardie winterkoue, maar ook die nuwe hemelse feestafel? Wel, dan is dit tyd om fees te vier... O ja, en om ander uit te nooi na die fees van 'n leeftyd.

Heer dankie dat U goedheid verniet is
En dat dit vir altyd hou!

Dankie dat U my gered het toe ek nie gered wou word nie
En my tot in die verste ewigheid U s'n gemaak het
Dit alles omdat Christus ook my swaar laste Golgota toe gedra het
Daarom loof en prys ek U vandag
Amen

Liewe gemeentelid van Rietfontein-Suid: Mag jy met die herdenking en feesviering rondom Paasnaweek weer eens van die Here se genade bewus raak; gratis genade bedoel vir JOU!

Ds Leon Tait



DIE GOEIE NUUS VAN GOEIE VRYDAG

Waarom noem ons die Vrydag waarop Jesus gesterf het *goeie* Vrydag? Is dit dan nie 'n hartseer dag van lyding en dood nie?



Voel jy ook soms soos ek in die lydenstyd? Is daar dan nie genoeg van lyding en slegte nuus om ons dat ons nog ook weer die pad van Jesus se lyding moet "oorloop" en "saamloop" nie? Moet ons saam met Jesus van vooraf gemartel word?

Eintlik is die donker-Vrydag 'n bron van hoop en goeie nuus!

'n Posbode is in hegtenis geneem vir sy empatie met sy medemens. Hy kon dit nie oor sy hart kry om briewe af te lewer wat pyn sou veroorsaak nie. Sy hele lewe lank het hy eers alle briewe gelees voordat hy dit afgelewer het. As daar 'n onaangename boodskap in die brief staan, het hy dit nie afgelewer nie. So het hy 300 belastingaanslae nie afgelewer nie.

Ten spyte van die onafgelewerde briewe het die dit niks verander aan die belastingverpligting van mense nie en ook niks verander aan mense se slegte nuus wat hul nou net later gekry het nie. Al het die goedhartige posbode dit hoe goed bedoel kon hy nie die pyn van die lewe wegwerk nie.

Jesus het wel iets kom doen wat die beleving van pyn en slegte nuus radikaal kom verander het.. Wat Jesus kom doen het is inderdaad vir ons goeie nuus.

Jesus se woorde aan die kruis maak iets duidelik van die goeie nuus wat Hy bewerk. Kom ons kyk net na *drie* van Jesus se sewe kruiswoorde...en hoor die goeie nuus:-

- *Vader vergewe hulle want hulle weet nie wat hul doen nie:* Jesus is omring van boosheid. Langs Hom hang twee misdadigers en onder die kruis staan sy vyande en bespot Hom. Jesus ly sonder om skuldig te wees...dus onskuldig. Sy eie dissipels het weggehardloop. Tog bid Jesus hierdie woorde vir almal. Sy hart loop oor van genade vir bose mense, vir sondaars, vir spotters en vir ontroues....ook vir jou en my! Niemand is te sleg of boos om deur Hom vergewe te word nie. Dankie tog vir hierdie goeie nuus!

>> na bladsy 2

- *Ek verseker jou vandag sal jy saam met My in die paradys wees:* Onthou jy toe Jesus aan die middelste kruis gehang het, hoe een van die misdadigers aan die ander kruis sy gesig na Jesus toe gedraai het en vir Hom gesê het: *“Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.”*? Hierdie man was desperaat en soekend na bietjie hoop vir sy lewe wat leeg is en skeefgeloop het...“dink aan my!” Selfs in Sy laaste oomblikke bring Jesus hoop en lewe! *Vandag sal jy...!* Wat jy en ek ook vandag mag beleef. Hoe hopeloos en hoe desperaat ons ookal mag wees...draai jou gesig na Hom vandag wat hoop gebring het selfs vir ‘n sterwende misdadiger. Hy dink regtig aan jou en my!! Hy het dit bewys deur vir ons aan die kruis te hang.
- *My God, My God waarom het U My verlaat ?* Toe Jesus almal van ons se sonde volledig op Hom neem, het dit vir Hom helse pyn en helse verlatenheid gebring. Dit was vir Hom ‘n donker dag! Die spykers in Sy hande en voete was nie die ergste nie maar die spyker van Godverlatenheid in Sy hart was die ergste. Vir ons is dit goeie nuus! Nou is ons ergste Godverlatenheid...ons diepste donker vir altyd verby. Deur Jesus leef ons versoen met God en in gemeenskap met Hom! Watse wonderlike nuus is dit nie? Selfs in ons diepste donker en ergste “hel” wanneer niemand anders regtig verstaan nie is daar Een wat volledig verstaan naamlik Jesus ons Verlosser. Hy weet hoe dit voel en wat ons deurmaak. Dit maak dit draagliker, gee troos en bring hoop selfs in ons grootste beproewing.

So word die kruis vir ons ‘n anker van hoop en ‘n teken van goeie nuus ! So word die donker Vrydag ‘n goeie Vrydag! Dit is die goeie nuus van goeie Vrydag.

ds Leon van Heerden



Die Gemeente wat vir almal omgee!



KOM SLUIT AAN BY ‘N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Indien jy graag by ‘n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:

Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591

Kombadja-projek - “Rys vir arm oumense”

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.

Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:

Bamboo shoot: A Glas /ABSA, Spaar rek no. 038187730900

Verwysing: Voedingskema

AKSIE+ UITSTAPPIES VIR DIE JAAR 2014:

Sondag, 18 Mei - Klein Treintjies in Centurion

Sondag, 22 Junie - Skattejag in Austin Roberts Natuur reservaat

Vrydag, 8 Aug - Sal later meer inligting vrystel

Sondag, 19 Okt - Stap by Rustig in Magaliesberg en beplanning vir 2015

Sondag, 7 Des - Afsluiting by Roodeplaatdam

Die program kan verander weens onvoorsiene omstandighede. Inligting sal op die Sondag afkondigings verskyn, twee weke voor die uitstappie se datum.

!! ONTHOU DATUMS !!

- ♦ **7 April:** Skole open
- ♦ **13 April:** Visiediens en Doop @ 9:00
- ♦ **18 April:** Goeie Vrydag, Nagmaal @ 8:00
- ♦ **21 April:** Gesinsdag
- ♦ **27 April:** Vryheidsdag (Vakansiedag)
- ♦ **28 April:** Openbare Vakansiedag

Sien jou daar!

U HARDLOOP MOS SAAM MET MY ~

Dit is oggend, Here Jesus, en my eerste gedagte wanneer ek wakker word, is nie noodwendig dat ek vir U wil dankie se vir 'n rustige, veilige nag nie.

Om eerlik te wees -

Al waaraan ek dink, is: Ek moet opstaan, badkamer toe gaan, 'n happie eet, oefen, en dan gaan werk.

Maar ek wil liever terugklim in die bed, 'n kussing op my kop sit, en verder slaap.

Want dit gaan nie net oor die vroegoggend-oefening nie, Here.

U weet dat die hele res van my dag, ook net 'n gehardloop, 'n gejaag, 'n altyd-vinniger-en-beter-geskarrel is.

Ek is so moeg, Here. Ek wil tot rus kom.

Waarheen hardloop ek? En waarom?

Ag, Here, natuurlik is daar nie 'n maklike antwoord nie...

En natuurlik kan ek nie sommer stop en die baan verlaat nie.

Vandag lyk die wereld mos maar oral so.

Ek kan dit nie sommer eiehandig verander nie: Ek moet tog werk.

En daar is vir ons wat wel werk het, te min hande vir te veel take.

En daarby moet ek tog ook oefen om fiks te bly, om my beste te kan gee.

Nou ja, daar is dus nie die opsie van sommer weer in die bed klim nie.

Maar dankie dat ek met U kon praat oor so 'n doodgewone ding.

Dankie vir die perspektief wat U my altyd gee wanneer ek dinge voor U uitpraat en dankie dat U my weer 'n sprankie sin gee in die dolle gejaag.

Hier gaan ek dan nou weer, Here.

Hou my bewus van U, wat deur die dag se gehardloop by my bly, want

HERE U hardloop mos saam met my !!!



☺ DANKIE VIR ELKEEN WAT 'N VERSKIL MAAK!

Dankie aan almal wat Brood vir Nood-SOS ondersteun.

Ons het die afgelope maand deur jou ondersteuning:



- Kospakkies kon pak (ongeveer 800)
- Ons kon 120 bedien met brood én die Woord
- Ons het vir drie persone werk kon kry
- Ons het vir twee kon help met selfone
- Ons het vir 8 persone kon help met R165 deur die karwasprojek
- Ons het vir ongeveer 25 werklose persone of gesinne kon help met kos, seep, klere ens.
- Ons het ongeveer 60 werksoekendes kon bemoedig, hoop gee en op ons databasis plaas.
- Ons kon die kantoor bedryf deur drie vrywilligers wat die kantoor "beman" en deur die fondse wat voorsien is vir skryfbehoeftes, telefoon, internet ens.
- Ons het die afgelope maand ons houtwerksentrum begin. Met die hulp van vier vrywilligers uit ons gemeente kon werk geskep word vir drie werkers. Die eerste houtprodukte is gemaak en verkoop.
- Ons het vir drie persone kon help met vervoer na onderhoude.

- ★ Donateurs wat belastingsertifikate wil aanvra kan vir my
 - ★ kontak of epos stuur (leonvh@vodamail.co.za)
- Koerverte by deure en/of MI-toonbank beskikbaar

Vir enige navrae kontak vir ds Leon van Heerden by 083 660 1803



BOOMSLOPING en snoei van bome & struik. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

GRATIS - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399


Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze 072 111 3100, email - ilzedples@gmail.com

NUWE INTREKKERS




David, Anette & Annemari van den Heerver

Alta du Plessis



Barbara Stols



Retha vd Westhuizen



Yvonne Greyling



FEBRUARY 2014

Baie welkom aan die nuwe lidmate.



Thea de Villiers



Louisa Haines



Marilie & Lionel Berry

Sannie & Breggie Hartzberg

